S: Daarna altyd as ek moes dorp toe gaan, ek het maar die huis toe gesluit, dat sy maar daar binne bly. Op daai stadium het ek haar heeltemal uit die kombuis uit weg gevat, want ek was bang sy brand. Ek het maar die kos kookery oor geneem ensovoorts. Dit is dit.
S: Nou dat sy hier is gaan dit baie bietjie slegter. Ek kyk nou nog na haar. Ons het 'n lang pad saam gekom, 'n verlede van 55jaar. Dis nie so maklik nie.
S: Maar ek het vrede daarmee gemaak.
S: Kyk, die klein brein krimp mos en ek het haar nou die dag by die psigiater gehad, by Dr. G en hy sê hoe kleiner die brein werk, hoe minder sal die medikasie word. Ons wil haar nou nie 'n zombie maak nie. En ek stem heeltemaal saam daarmee.
R: Oom soek darem nog die geselskap en die persoon wat indaai liggaam is!
S: Dis reg, ja! Definitief. Maar ons kommunikeer glat nie meer nie.
R: Glad nie? Sy praat nie meer nie? En as sy so praat, hoe is haar spraak?
S: Ja, haar spraak was alright. Toe sy nog. Maar dit het geluidelik heeltemal agteruitgegaan. Sy was baie lief vir lees en sy lees nou glad nie. Sy was baie lief om te skryf, sy skryf nou glad nie. Ek het nou die dag gesien sy vat 'n en sy krap so daar 'n paar dingetjies. En, uh, daar's nie meer kommunikasie.
R: Het iemand al ooit die tannie gediagnoseer met Alzheimer's?
S: Ja, al twee keer.
R: Wanneer was dit?
S: Die eerste maal was dit hier in die W Hospitaal, toe ons nog op D was. Dit was ongeveer hier in 1999, 1998. Toe het ek haar na 'n ander dokter, ek kan nie sy naam onthou nie, ook 'n neuroloog, hier by E M. En hy het haar ook gediagnoseer. Hy het haar byvoorbeeld gevra: pen, appel en hy vra haar drie vrae. Dan moet sy sê watter volgorder dit was. Of watter onderwerpe. Sy weet dit glad nie.

© University of Pretoria

S: Toe het hy haar gediagnoseer met Alzheimer's. Toe was sy op Ariset en toe ons hierna toe gekom het, het hy die Ariset weg gevat, hulle sê dit vertraag dit net. Ariset kan jou nie genees nie.
R: Ongelukkig is daar niks wat Alzheimer's kan genees nie.
S: Daar is nie.
R: Dis maar die liefde en tyd wat dit maak dat die persoon langer lewe.
S: Ja, nee kyk. Sy's baie dwalend en partydae onrustig en uh, as ek vir haar wil aantrek of so dan, uh, ek dink sy dink ek wil haar aanrand, dan baklei sy vreeslik. Byvoorbeeld haar broekie, langbroek wil uittrek of haar pantie of haar pajamas wil aantrek. Dis nie altyd nie. Maar partymaal veg sy kwaai.
R: En hoe hanteer oom dit dan?
S: Wel, dis moeilik. Ek hanteer dit maar en partymaal raas ek maar 'n bietjie, maar dit help niks nie. Ek het al by baie gehoor los haar alleen, los haar. Moenie argumenteer nie. Jy los haar en as jy weer 2 minute later met haar praat dan het sy skoon vergeet. Sy't skoon daarvan vergeet.
R: Wat was oom se reaksie toe hulle vir haar, die tannie, gediagnoseer het met Alzheimer's?
S: Ek het dit nie eers geglo nie.
R: Die dokters, het hulle dit verduidelik vir oom, wat die kondisie is, wat dit behels, wat…
S: Ja. Hulle het dit almal….
R: En het oom enige vrae gehad oor of, ek meen natuurlik wil jy weet wat gaan gebeur.
S: Ja, ja ek het gevra wat gebeur of daar nie 'n geneesing is nie of so. Ek het enige ding probeer.
S: Maar ek het baie kontak gehad met hierdie Alzheimer's mense.
S: En uh, ek het dit toe aanvaar, ek wou eers dit nie aanvaar nie, maar deur die genade van die Here moes ek dit maar aanvaar. Alhoewel, ek hou myself besig. Ek versorg haar en dat sy versorg is. Ek is onder andere nou Ouderling hierso van die ge, van die wyk en ons hou, ek reël die dienste hier elke dag. Ek hou my maar besig, sodat. Dit help nie, ek het toe ek hier gekom het, het ek gaan sit en tokkel. Dit help nie.
R: Nee, dit help nie. Oom se lewe moet ook aangaan.
S: Ja, ek het ook 'n lewe wat moet aangaan.
R: Hoe het die neuroloog vir oom Alzheimer's gedefinieer? Wat het hy gesê is Alzhemier's eintlik? Kan oom onthou?
S: Nee, ek kan nie regtig onthou nie. Hy't maar gesê die klein brein, die geheue brein, is besig om te krimp. Dis omtrent al wat hy gesê het.
R: Ok. En as familie, vriende of vriende van die familie ooit vir oom vra of in die begin daaroor gevra het, wat eintlik aangaan….
S: Kyk, ek het maar verduidelik dat sy Alzheimer's het en soos die neuroloog vir my gesê het dat die klein brein besig is, die geheue brein, besig is om te krimp. En dat daar nie geen medikasie is wat haar kan help nie.
R: En, uh….
S: Die kinders wou dit nie eers aanvaar nie, maar hulle het die gouer aanvaar as wat ek dit aanvaar het. En al wat hulle bevreeste is dit oorerflik. Tot 'n sekere mate glo ek dit is oorerflik. Nou die dag met die psigiater, uh, Dr. G gepraat, hy't gesê dit is geglo dat dit oorerflik is.
R: Ja, daar is partykeer daai moontlikheid…Um, weet u of die tannie se ouers…
S: Ja, haar pa. Maar daai tyd het hulle gesê dis verkalking van die are gewees. Dis snaaks, hy's die enigste een… Hy't 9 kinders gehad en, uh, ek's die enigste een wat hom

© University of Pretoria

kon kalmeer. Hy was baie aggressief. En hy't, die enigste een wat hy vertrou het was vir my, hy't byvoorbeeld my skoonma gewantrou as sy sop vir hom bring, moes ek eers aan die sop proe, om, uh, dat daar nie gif in is of iets nie. En ek glo dat dit toe al met Alzheimer's te doene gehad het.
R: Ja, as oom daar oor dink, dis dieselfde as met die tannie, daai wantroue.
S: Ja, maar sy is nie so. Ja, sy vertrou nie mense. Hy't beweer dat ons skoonma rond loop, toe sluit hy haar eendag in die buite toilet toe vir die hele nag. En, uh, al een wat hom eintlik kon kalmeer is ek. Hy't volle vertroue gehad in my. Hy't nie eers een van sy dogters of van sy seuns.
R: En die tannie, is sy die enigste een uit die 9 kinders wat Alzheimer's het?
S: Ja.
R: Die enigste een.
S: Ja, kyk haar suster wat ouer as sy is. Maar ek reken dis maar ouderdom. Sy is ook vergeetagtig en steek goed weg en so. Maar ek dink nie dis Alzheimer's nie
R: Ja, daar is mos baie spesifieke goed wat 'n mens na moet kyk voor dit as Alzheimer's gedifinieer word.
S: Ja, nee. Maar ek glo nie sy't Alzheimer's nie. Dit is maar ouderdom en vergeetagtigheid
R: En die tannie ooit, voordat sy nou minder begin kommunikeer het, is daar ooit 'n tyd wat sy gevra het wat met haar gebeur het?
S: Nee, nooit! Nooit dit genoem.
R: Nie.
S: Sy't my haar pa genoem en dan's ek weer haar jongste seun, Chris. Maar partydae herken sy dit nie. Maar daar is nie kommunikasie nie. Dis eintlik, uh, vir haar glo ek leef sy in haar eie wêreld.
R: Ja, hulle sê mos, wat oom nou gesê het as oom partykeer dalk haar wil aantrek, sy veg daarteen. Sy's in haar eie wêreld, so hulle sê 'n mens moet nooit as 'n persoon met Alzheimer's besig is om oor iets te praat en hulle is in hulle eie wêreld, moet jy hulle nie, sê "Nee, man waaroor praat jy? Jy's mos nou nie daar nie." Los hulle. Dis hulle persepsie van die wêreld en van hulle lewe. En dis wat hulle maak om bietjie langer te lewe as wat jy teen hulle gaan veg die heeltyd. Dis daai hulle, ek meen, maar om hulle te aanvaar hoe hulle is op die oomblik. En hulle nog steeds lief te hê.
S: Ja, nee.
R: Dan lewe hulle baie langer, as wat 'n mens….
S: Ja, aanraking help ook baie. Musiek help ook baie, weet. Ek is baie lief vir musiek. Snaaks weet, sy was altyd 'n mens wat kerk toe gegaan het en alles. Sy sing hierdie Halleluja liede wat ons hier sing, partymal sing sy uit haar kop uit. Jy kan hoor wat sing sy. Dit onthou sy nogal baie goed. En al waar sy baie stil en gelukkig is, is hier in die kapel. Jy kom baie maal, dan sit sy hier stoksiel alleen. Daar was eendag, ek het omtrent hier die hele plek plat geloop en gesoek en almal het gesoek na haar, hulle was in die kapel, toe sit sy agter die preekstoel op die stoel. Toe kon 'n mens haar nie sien daar nie. Daar het sy gesit.
S: Sy's geneig ook om te vergeet dat sy moet eet, sy vergeet ook om toilet toe te gaan. Hel, jy moet vir 2 mense dink.
R: Ja, dit is so.
S: Jy leer haar naderhand so ken en as sy rusteloos raak dan weet jy daar's iets wat hinder, vat jy haar toilet toe, of vra vir haar of daar pyn is of so. Sy voel nog pyn hoor. As jy haar hare kam en jy trek die hare, dan sal sy vir jou sê "Eina!"
R: En die mense hier by die Te Huis.

© University of Pretoria

S: Ja, hulle is baie lief vir haar.
R: Is dit? En hulle help oom ook?
S: Ja, nee.
R: Dit maak die werk ligter.
S: Die verpleegsters help baie. Maar 'n mens is te haastig. Hulle sit baie, byvoorbeeld in die Roos, is daar seker 10 Alzheimer's. So hulle kan nie spesifiek elke, so, hoe sê ek nou, so noukeurig na 'n pasiënt om sien nie, as wat ek doen nie.
R: Ja, hulle het so baie mense om na te kyk.
S: Om na te kyk, ja.
R: En die res van die mense in oom hulle se gang, het hulle ook mense wat saam met hulle bly of is baie van hulle alleen?
S: Nee, hulle is meeste. Ek is die enigste een.
R: Ja, dit maak 'n groot verskil.
S: Ek is die enigste een wat saam bly. Daar is van hulle wie se kinders nie eers meer kom of iets nie.
R: En u kinders, kom hulle nog?
S: Ja, hulle kom.
R: Hulle is in die omgewing?
S: Ek het nou agter gekom, uh, die dogter hier op, uh, Kameeldrif, hier op Callinun pad. Hulle is daar op 'n plot en, uh, daar. Ek vat haar ook nie eintlik meer saam soontoe nie, want jy moet heeltyd agter haar aan hardloop. So, die draad is geelektrifiseerd en al daai dinge en uh
R: Dis gevaarlik.
S: Ja, gevaarlik. As gevolg, as sy terug kom is sy heeltemal "haywire", weet.
R: Sy is gedisoriënteerd.
S: Dan los ek haar maar hier. En dan gaan ek gou bietjie na hulle toe en dan kom ek weer terug.
R: En, kleinkinders. Het hulle, um, hulle ouma geken voordat sy gediagnoseerd is?
S: Ja.
R: En sien hulle die verskil?
S: Ja, definitief. Die een kleindogter het sy nou die dag het sy so geraas. Sê sy "maar ouma ek kan mos nou nie, ouma." "Ja, maar my kind jy't dit en dit en dit gedoen." Sy't dit nie gesê nie, maar, sy sê los my en daai dinge weet. Hulle het nie hulle ouma so geken nie.
R: Nee, dis 'n groot aanpassing vir kleinkinders.
S: Ja, dis al wat hulle dalk, maar soos om bekommerd te wees of om stress te hê, glo ek nie hulle het so iets nie.
R: Nee, ek glo nie. En soos oom sê hulle vergeet om te eet en om badkamer toe te gaan, om klere, ek meen, nuwe, skoon klere aan te trek, hare te borsel. Al daai goedtjies, wat 'n mens. Dis nie meer belangrik nie.
S: Nee, dis nie meer belangrik nie.
R: En dis partykeer hoekom dit so probleem is met die etery, dan verloor hulle baie gewig.
S: O, ja!
R: En dan word hulle vinnig siek. Dis wanneer hulle vinnig agteruit gaan. Dis wanneer hulle al hierdie ander siektes optel. Ek meen, longonsteeking en al daai goed.
S: Nee, ek sukkel met haar om te eet. By die dag verloor sy gewig. Sy wil nie gevoer word nie. Moenie dink jy gaan haar mond oop kry nie.

© University of Pretoria

R: Was daar al 'n Spraakterapeut hier om met oom te praat oor alternatiewe voedings maniere.
S: Nee.
R: Oom moet dalk vir die verpleegsters vra dat hulle iemand in bring. 'n Verpleegster kan dit doen, 'n dokter ook, of 'n spraakterapeut of 'n dieetkundige ook. Maar dis goed, dat al vier van die mense saam werk. Dat die dieetkundige kan sê wat om vir haar te gee, die spraakterapeut hoe om dit te doen, want die spraak en eet strukture is dieselfde. Maar die dokter en verpleegster om die susters hier…
S: Ja, hulle sê vir my wat om vir haar te gee wat sy lief is voor en so. Maar om haar mond te probeer oop te kry is 'n groot probleem.
R: Het oom al daar aan gedink om 'n, wat ons noem 'n PEG in te sit. Dis 'n buisie wat hulle in haar maag sit.
S: Ja, nee op een of ander stadium sal dit seker gebeur.
R: 'n Mens kan dit nou al doen, dis nie iets wat 'n mens moet doen as sy bedlêend is nie. 'n Mens kan dit nou al begin doen. Dat oom hulle vir haar kan help.
S: Nou goed, maar dankie!
R: Groot plesier!

<u>Second Interview</u>

R: Hierdie gesprek gaan bietjie korter wees as verlede keer want ons het baie van die goed al bespreek.
S: Ja, en ek het nie veel meer te sê nie.
R: Nee, dis reg. Ek wil graag weet hoe oud was oom se vrou toe sy gediagnoseer is met Alzheimer's.
S: Dink 63, toe sy gediagnoseer is.
R: 63?
S: Ja, ongeveer 63. Dis nou 10 jaar wat sy so is en….
R: Sy is nou 73.
S: Ja 73.
R: Ok. Laas het ons gepraat oor hoe u lewe was saam met u vrou.
S: Uh…
R: Voordat sy gediagnoseerd is met Alzheimers. Hoe is dit nou, deesdae, hoe is dit nadat sy gediagnoseer is?
S: Kyk, dit het met tye verswak, so ek al gesê het… Sy het begin om sleutels, jy ken die storie.
R: Ja.
S: En, um, maar wat ons huweliks lewe betref, daar's nie meer so iets nie, soos huweliks lewe, afgelop 8, 9, 10 jaar. Want, uh, ek kyk maar na haar omdat ek, weet, uh, ek voel, uh, nie dat ek verplig is nie, maar omdat ek darem 'n hele pad saam haar kom.
R: Ja, oom is nog lief vir haar.
S: En sy's die moeder van my kinders en ja. Dis so.
R: Ja, ek glo nie dis verpligtend nie, dis maar jou lewe.
S: Ek weet nie, baie mense sal dit's hoe ek dit hier sien, kom hulle laai hulle familielid of eggenoot hier af en dan ry hulle in vrede. Ek kan dit nou maar net nie doen nie.
S: Ek gaan nou op 'n Dinsdag, nee Maandag, as dit die Here se wil is, gaan ek bietjie wegbreek. Ek gaan op 'n toer hier af Laeveld toe.
R: Dis lekker. En die tannie, sy gaan bly?

© University of Pretoria

S: Nee, sy gaan bly, nee. Daars nie 'n manier wat ek haar saam kan vat nie. Byvoorbeeld as ons hier na die plot toe gaan, hier by my dogter, hier op Kameeldrif. Ek vat haar ook nie meer soon toe saam nie, want, um, jy rus nooit nie. Hulle is mos altyd aan die gang om te loop. En dis maar neiging. En dan loop sy en die draad is geelektrifiseerd en jy moet net 'n oog oor haar hou. Sy loop so stadig, maar hoor hier sy loop.
R: As sy eers begin dan hou sy nie op nie?
S: Ja, en die aande bring ek my tyd deur. Ek het, um, CD speler met alles wat musiek, kyk, eks vreeslik lief vir musiek. Ek kyk nie eintlik meer televisie nie, want daar is maar niks.
R: So oom sê die siekte toestand het baie verander vandat sy eers gediagnoseer is, of…
S: Ja, geleidelik af.
R: Geleidelik afgegaan, nie ewe skielik nie.
S: Nee, nee. Dis 'n storie wat geleidelik gaan. Ek kom nou 'n lang pad daarme saam. Maar, uh, huidige stadium is dit moeilik, soos jy weet sy eet nie, sy vergeet om te eet, sy vergeet om toilet toe te gaan, sy vergeet wanneer sy dit moet doen en dis altyd vir haar sê.
R: Wat se inligting gee die dokters, neuroloog vir oom oor die feit dat sy nie meer eet nie of vergeet om te eet, of toilet toe te gaan…
S: Nee, wat hulle praat maar van doeke en daai dinge, en ek oorweeg dit self om haar op doeke te sit. Maar dis nou weer 'n ekstra uitgawe. Op die huidige stadium, um, vat ek haar 8uur in die aande toilet toe en dan het ek opdragte vir die verpleegsters om haar elke 4 ure te vat.
R: O, dan vat hulle haar?
S: Ja, maar ek is wakker sodra hulle in die kamer inkom.
R: Ja, ek kan dink, 'n mens slaap dan nie lekker nie.
S: En, uh, ja. Huweliks lewe is daar natuurlik nie meer nie.
R: So oom sê sy't enige, is sy nog, stel sy nog belang in enigiets?
S: Niks.
R: Niks.
S: Niks, niks. Sy stel glad nie belang in enigiets nie. Sy was 'n baie presiese vrou, netjiese vrou. En sy was baie lief vir lees. Ek het al die tydskrifte vir haar gekry, sy het aan 'n boekklub behoort. Sy het nou die dag probeer skryf, sy't die pen so gevat en 'n paar lyntjies getrek. Dit was dit. Ja, jy't gevra wat sê die neuroloog, toe het ek jou in die rede geval.
S: Ek was by uh, 'n psigiater, ja, Dr. G. Hy't toe gekyk na haar medikasie. Hy't nou vir haar 'n pil voor, 'n vitamien pil voorgeskryf wat haar eetlus sal gee.
R: O, ok.
S: Maar, ja.
R: Het dit nog nie begin help nie. Hoe lank is sy nou op hierdie vitamien pil?
S: Omtrent 'n maand al.
R: 'n Maand. Partykeer is dit nie jou eetlus nie, jy vergeet om te eet.
S: Ja, jy vergeet om te eet. Jy vergeet jy's honger of dis wat ek vermoed. Kyk ek gee…
R: Ja, sy kan dalk onthou maar as sy by 'n ding uitkom dan dink sy maar hoekom was ek eintlik hierso, is ek eintlik honger en dan wil sy nie weer eet nie.
S: Ja, ek gee haar, ek sit haar kos voor haar neer, dan gee ek haar lepel in haar hand, as sy eet dan sal sy 3 lepels eet dan sal sy opstaan. Wel, ek los haar en dan vat ek haar net so rukkie en sê ek weer "eet" dan het sy nou vergeet dat sy wel 3 lepels geëet het.
R: Ja?

© University of Pretoria

S: Verstaan? Dis maar soos die mensies is hoor. En, uh, as ek uittrek partymal dan sê sy ek wil haar aanrand of iets, dan is daar hengse argumente, maar ek, ek het uit ondervinding het ek geleer dit help nie om met sulke mense te redeneer nie.
R: As, oom sê uit ondervinding, is dit maar uit ondervinding met die tannie of deur goed wat die dokters vir oom gesê het ?
S: Nee, wat. Die ondervinding met die tannie. Ek het …dit help nie, ek loop maar uit die kamer uit. Want as ek terug kom, dan is sy weer baie lief vir my.
R: Ek dink, ek het laas vir oom gevra oor oom se kinders en kleinkinders, hoe ervaar oom se eie kinders dit nou op die stadium hoe die siekte ontwikkel het. Is hulle, hoe is hulle gevoelens daaroor, hoe reageer hulle?
S: Ag, maar dieselfde as ek. Ag, weet jy dis moeilik eintlik vir.. ek glo nie dis moeilik vir 'n Alzheimer's pasiënt nie, maar, uh, vir die mense na aan haar is dit maar moeilik. Hulle aanvaar dit maar net soos ek dit aanvaar. Dit is eintlik ook moeilik, die een dogter het nou die dag gesê "Pa, ons moet ma maar liewers toegegooi het." Dit sou beter gewees het as wat sy so is. Nou is hulle bekommerd, want hulle sê dis in die gene. Hulle glo nou dis in die gene en ek weet tot 'n sekere mate, ons het nou die dag daaroor gepraat, die oorerflikheid, toe jy gesê het dit is moontlik en so. Maar, uh, dit is dit.
R: Ja, dis maar 'n ding waarme jy moet saam lewe en kyk hoe vorder dit. Glo oom as oom nou vir iemand verduidlik oor Alzheimers dat dit, dat dit goed beskryf. Sou oom ooit enige iets anders daarby wil, ekstra wil weet oor Alzheimers, ekstra inligting.
S: Ag, kyk, uit ondervinding leer jy baie beter as wat jy lees.
R: Ja, nee dit is so. Het oom baie inligting stukke gelees oor Alzheimers of..
S: Ja, ek het, uh, baie gelees, maar nie veel nie. Soos ek jou gesê het, haar pa was daai tyd, ek het jou mos vertel, haar pa het. Daar by het ek bietjie gesien wat is dit en so is hoe dit werk.
R: Het die dokters daai inligting stukke vir oom gegee of het oom dit self gaan soek?
S: Nee, ek het maar, die dokters het maar, jy weet hulle kan ook maar sê alright dis Alzheimer's, die neuroloog sê vir jou alright. Sy vra vir jou 2 vrae, pen, potlood en dit en dan kan sy. Dan identifiseer hulle dit en sê hulle kan niks daaraan doen nie.
R: Ja.
S: Klein brein is besig om te krimp. So, uh, die meeste wat ek weet van Alzheimer's is maar deur ondervinding.
R: Voel oom dat die dokters genoeg inligting vir oom gegee het? Kom ons sê die dokter self…
S: Nie eintlik nie.
R: En die neuroloog?
S: Nee ook nie.
R: En die psigiater?
S: Die psigiater het maar gevra hoe, soos jy nou maar vra en so. En ek het maar daai tyd gesê die, uh, eintlik wou hy net gesê het dat, uh, die bewerigheid, as sy begin bewe dan dink ek sy kry koud, sê hy dis nie dat sy koud kry nie, dis 'n newe effek van die Risperdol.
R: O, ok. Dis interressant.
S: Dis 'n newe effek. Toe het hy net gesê hy wil nie vir haar 'n sterker pil gee nie, want hy wil nie van haar 'n zombie maak nie. Ek stem heeltemal saam. Dis maar al wat hy gesê het.
R: En in die begin, oom het nou deur ervaaring geleer, oom het nie nou op die huidige oomblik inligting nodig nie. Maar in die begin toe hulle haar gediagnoseer het, sou oom

© University of Pretoria

meer inligting wou gehad het van die dokters af, dat hulle vir oom presies gesê het hoor hier dis presies die simtome, dit is wat kan gebeur, dit kan ook nie gebeur nie maar…
S: Nee.
R: Sou oom dit graag wou gehad het?
S: Ag, ja, tot 'n sekere mate dat ek gereed was. Die feit dat hulle gesê het die klein brein verswak, sy, hoe so ek nou sê…dat netnou sal sy nie onthou wat het gebeur nie, maar wel wat in die verlede was.
R: Ja.
S: En ek sien, sy onthou nie eers meer wat in die verlede gebeur het nie. Ja, in die begin stadium het ek baie met haar oor die ou dae gepraat en oor haar pa hulle, so dan het sy haar pa hulle onthou. Sy't altyd na haar pa gesoek. En dan sê ek vir haar "Pa is oorlede." Stry sy, nou ja. Maar, deesdae voel sy vere daarmee. Dan sê ek vir haar onthou jy vir ma, onthou jy vir pa. Sy antwoord my nie eers meer nie.
R: Het sy enige gesig uitdrukkings nog of…
S: Nee. Ja, so dra daar meer as 2 by haar kom, die verpleegsters, dan kan jy sien sy….
R: Angs?
S: Angs. Partymaal lag sy nog…..
R: En as die kinders kom kuier, lyk dit as of sy hulle herken en onthou wie hulle is?
S: Nee.
R: En met oom?
S: Partymaal.
R: Partymaal. Ok, en as sy fotos van hulle sou sien?
S: Nee, ek het baie fotos en so.
R: Geen reaksie oor wie hulle is nie?
S: Ja, sy sal sê dit is die tweeling, sy sal miskien sê dis Tossie en dis ook al. Sy sal nie sê die ander een is Boetie nie.
R: Ja. Oom het laas gesê sy kommunikeer nie meer nie.
S: Ja.
R: Niks nie?
S: Nee.
R: Nie eers "hello" of iets nie?
S: Nee, nie eers hello of niks nie. Sy sal miskien net so lag. Kyk daar is sekere tye wat ek glo dat hulle bietjie helderder is as ander tye, hoor. Definitief. Partykeer sal sy my herken en ander dae nou weer nie.
S: Byvoorbeeld, sy sal 'n toilet herken en dan sê ek partymaal vir haar "gaan pie-pie nou" en dan sal sy haar broekie aftrek en dan vergeet sy om die pantie af te trek. Dan wil ek net die pantie aftrek.
R: Sê vir my is daar enige inligting wat oom nou aan kan dink wat oom sal verder wil weet oor Alzheimer's? Oor wat met haar op die oomblik gebeur of wat dalk in die toekoms kan gebeur of…
S: Ag, nee wat. Kyk ek het dit hier ondervind. Ek is al 3jaar hier en die 3jaar het ek gesien hoe gaan die mense agteruit en hoe hulle dood gaan en al daai goed.
R: So, dis eintlik goed dat oom hier is.
S: Ja, dis goed dat ek hier by haar is.
R: En dat oom ook kan sien hoe dit met die ander mense gaan wat Alzheimer's het.
S: Nee dis so!
R: Ok, is daar enigiets anders wat oom nog vandag oor wil praat?
S: Nee, wat.

© University of Pretoria

R: Ok, die volgende gesprek sal ek net graag bietjie oor die tannie se kommunikasie gesels en dan die laaste een sal net wees om seker te maak dat daar nie enigiets anders is nie.
S: Nee maar goed. Wanneer is die volgende een nou weer?
R: Die volgende een is nou weer in Junie. Maar ek sal oom weer skakel. Gaan oom weg in Junie?
S: Maar gedurende die Junie maande is die studente wat ek toesig hou hier, wat eksamen skryf.
R: Wanneer is dit?
S: Ek weet nog nie. Ek het nog nie my rooster van P Universiteit gekry nie.
R: Gaan oom dan P toe?
S: Nee, nee, nee. Dis so 'n sentrum hier.
R: Oom is nogal besig.
S: Nee, ek is besig. Ek glo dit is al wat my aan die gang hou. Ne ek is baie besig, ek is besig om tuin te maak, daarom dis hoe ek lyk.
R: O, ag nee! Maar ek sal oom skakel oor die volgende keer.
S: Nou goed.

Third Interview

R: Ok, ons sal vinnig klaar maak dat oom weer by die tannie kan uitkom.
S: Ja, nee. Ek het nou nou baklei met hulle, hulle het haar nog nie eers reg gemaak nie.
R: Is dit? Het hulle haar vergeet?
S: Ja, nee, sy loop dwaal vanoggend. Ek het hulle mooi gesê, hulle moet kyk 4uur dat hulle haar kos gee, maar hulle sê sy het geëet.
R: O, ok. Ek wil by oom hoor, dit is nou die laaste gesprek. So kan ons sê. Ek gaan net nog een keer kom net om alles afterond. Maar vandag se gesprek gaan net min of meer oor die Alzheimer's siekte self. Wat ek graag wil weet is of oom enige verdere inligting benodig van die dokters af.
S: Van die dokter af?
R: Ja.
S: Ag, nee wat. Ek kry inligting van Alzheimer's, ek het die video wat hulle gespeel het, 'n Engelse video, wat ek na kyk en so.
R: Is dit van die Alzheimer's Association wat oom…
S: Nee, dit is wat, kyk ons het baie Alzheimer's hierso. Hulle lei die verpleegsters daar op hierso. Om, uh…
R: Om hier te kan werk?
S: Om hier te kan werk. Want daai hele gang waar ek in is, is Alzheimer's.
R: O, so dis maar meer van die inligting wat oom hier kry?
S: Ja, ons het 'n opleidings skool hierso vir verpleegsters. En ons het 'n dosent wat dit doen en sy gebruik daai videos "Abuse of the Elderly" en ag daar is verskeie videos wat hulle…..swat.
R: Wie is die dosent wat hierso is?
S: Mev., sy is M. Sy is 'n Hongaar, sy's met 'n Hongaar getroud.
R: Wat sou oom sê is die grootste probleem met die tannie? Wat oom ervaar?
S: Ag, ek glo nie sy ervaar enigiets nie, hoor. Maar, wat ek ervaar is dat 'n mens vir twee mense moet dink. Weet, ek moet vir myself en vir haar ook dink. Dink, wanneer is naasteby, maar mens leer dit naderand so aan, jy kan sommer in haar gesig lees as sy toilet toe wil gaan of…
R: Is dit moeilik vir oom, dan om met oom se lewe ook aan te gaan?

© University of Pretoria

S: Ja, nee, dit is eintlik maar moeilik, maar ek hou my besig maar hierso. Ek is maar net hier naby. Ek wil nie by die kinders gaan bly nie.
R: Ja, dis oom se vrou.
S: Ja, hulle het, hulle is ‘n generasie op hulle eie. Daar gaan dit eers eensaam wees. So ek hou dit maar uit hierso.
R: Is oom eensaam hierso?
S: Nee, ek is nie eintlik eensaam nie. Ek hou my baie besig, ek is voorsitter van die huis kommitee en ons doen fondsinsameling en ons reik uit en ek ry baie saam uit om aankope te doen, al daai dinge.
R: So..
S: Ek hou my baie besig.
R: So oom sê oom is ‘n goeie persoon om met te praat as iemand oor Alzheimer’s wil weet?
S: Ja, nee, jy behoort te weet.
R: Ja, maar ek bedoel nou soos iemand wat wou inkom, ‘n ander getroude paar wat wou inkom dalk en die man of die vrou het Alzheimer’s, sou oom bereid wees om met hulle te sit en gesels?
S: Ja, weet ek het dit al gedoen, maar die groot probleem is hulle kom en laai hulle vrou of die vrou laai die man af, hulle gaan aan met hulle lewe en ek het net nie daarvoor kans gesien nie, dit is nou maar in my.
R: Ja, dit is so. Dink oom dat daar is spesifieke inligting wat dokters of neuroloë vir ‘n persoon moet gee wat se gesinslid Alzheimer’s het?
S: Ja, kyk. Ek het baie opgelees daaroor, maar hulle het jou gesê dat jy nie met haar kan argumenteer of al daai dinge nie. Maar hulle het nie eintlik baie vir my gesê oor Alzheimer’s nie, hulle het gesê sy het Alzheimer’s en dit is dit en dit en dit en daar is nie ‘n, ja daar is nie ‘n medikasie wat dit, uh, soos ek gesê het Ariset vertraag dit.
R: Sê nou oom ervaar ‘n spesifieke ding met Alzheimer’s die siekte, wat oor en oor gebeur, maar oom het nie daai inligting gekry van die dokters af nie. Sou oom sê dat in die vervolg moet dokters suke inligting vir die familie verskaf?
S: Ja, nee ek sou dit regtig as ‘n, as dit ‘n ordentlike dokter is sal hy dit doen, sal hy vir jou sê wat om te verwag en al daai dinge.
R: Voel oom dat oom ‘n rol speel in die versorging in u vrou, in die besluite wat die dokters dalk sal neem sal hulle vir oom vra “wat is u opinie, sal sy as sy vir haarself kon praat en besluite neem sou sy sit wil doen, sou sy hierdie terapie of hierdie medikasie wou neem?” Voel oom, oom is deel van daai besluit neming?
S: Ja, nee, kyk dit is soos ek gesê het ek was by Dr. G, hy’s ‘n ……psigiater. Hy’t gevra watter medikasie, hoe werk die medikasie en ek moes hom toe maar gesê en goed. En daar by het ons toe die medisyne aangepas. So ek het ‘n deel daar gehad.
R: So hy het vir oom vra gevra oor die tannie?
S: Ja, Dr. G het, maar nie die neuroloë nie.
R: Nie, het hulle nie oom betrek by die behandeling of toetsing of die uitslae nie?
S: Soos ek jou gesê het, hulle het maar net gesê sy het Alzheimer’s, daar is nie ‘n geneesmiddel nie.
R: Ok, en hierso by die Te Huis, is die susters hierso? Toe oom in gekom het, het hulle baie vrae gevra oor die tannie watter tipe goed hou sy van…?
S: Ja, hulle het. Dit het hulle alles. Kyk hulle evalueer die geskiedenis.
R: So oom sê hulle neem oom se gedagtes en besluite in ag as hulle iets moet doen?
S: Byvoorbeeld, hulle het gevra of sy al op doeke moet kom en dan het ek gesê, nee dis nog nie op hierdie stadium nodig nie.

© University of Pretoria

R: Ek's bly daaroor. As die tannie nou nog kon praat, hoe aktief sou sy gewees het in haar, in die besluit nemings? Was sy 'n baie aktiewe persoon…
S: O, ja, sy was baie. Sy was baie aktief, sy was 'n baie netjiese, sy't haar sê gesê, sy het 'n sterk persoonlikheid gehad, baie sterk persoonlikheid. Jy sou nie sê dis dieselfde vrou wat net 55jaar terug met getroud was nie.
R: Sou oom sê dis moeilik om te sien hoe dinge nou verander het, veral vir oom, om te sien sy het so sterk persoonlikheid gehad en nou ewe skielik kan sy nie meer…
S: Niks, niks. Dit is tragies, traumaties, maar wat jy moet dit maar verwerk, wat kan jy daaraan doen?
R: Is daar ooit mense wat vir oom vra wat hulle vir oom kan doen, watter inligting wil oom hê, hoe kan hulle dit makliker maak vir oom?
S: Ja, wel, uh, die bestuurder, Mev. L. sy is baie opgelei, sy het baie met Alzheimer's, sy spesialiseer in Alzheimer's. Ek en sy gesels baie daaroor.
R: Hoe dink oom sou dinge gewees het as oom, byvoorbeeld by die huis was en..
S: Nee, dit sou nag gewees het.
R: En byvoorbeeld nie hierdie ondersteuning sisteem gehad het by die Te Huis wat soveel ervaring het met Alzheimer's.
S: Nee, dit sou nag gewees het. As ek iewers alleen gegaan het, sou hulle haar moes toesluit. Kyk, dit is veilig hierso, sy kan nie uit nie. Sy's nie toegelsuit nie, sy kan beweeg soos hulle wil. Hierdie mense glo daaraan, baie van hierdie ouetehuise, soos by voorbeeld Huis V en als, hulle het ook Alzheimer's, maar hulle word opgesluit. En in hierdie geval nie. Hulle gee hulle vryheid en om te doen wat hulle wil.
R: So oom sou nie in enige ander opset wou wees nie. Hierdie is die ideale opset vir oom. Neem u kinders nog deel in besluite?
S: Ag, nee wat ek doen. Hulle weet nie wat aangaan nie. Hulle sien net hulle ma en dan is hulle baie treurig en…kyk as jy nie so persoon elke dag sien nie…ek was by voorbeeld 'n week weg, toe ek terug kom toe was dit vir my sy het agteruit gegaan. En hulle ervaar dit elke keer so.
R: Hoe sou oom sê, vandat ek en oom begin praat het, hoe het die tannie se, bly sy die selfde of het sy al af gegaan in hierdie afgelope drie maande, het sy baie agteruit gegaan?
S: Nee, sy het nie eintlik agteruit gegaan. Sy's meer rustig.
R: Rustiger?
S: As gevolg van die aanpassing van die medikasie.
R: Wat verwag oom van die toekoms? Oom weet van al die tipe goed wat aangaan, wat kan gebeur. Wat verwag oom…
S: Ag, ek sal maar wag dat sy agteruit sal gaan, en naderhand bedlêend wees, of in 'n stoel sal vasgemaak word, maar ek kyk maar nie voorentoe nie. Bedoel ek leef van dag tot dag.
R: Veral met sulke tipe mense, dis moeilik.
S: Jy kan nie voorspel nie, kyk daai mense, en ek glo, hulle word nogal oud en dit, want hulle het nie bekommerrnis of iets nie. As sy wil pie-pie dan pie-pie sy.
R: As oom besluite neem, dink oom oor hoe sy was en hoe haar gevoelens sou wees oor iets of hoe sy dit wou hê? Neem oom dit in ag en dan neem oom 'n besluit of neem oom besluit in die oog van wat nou gebeur?
S: Ek weet wat sy geëet het, of waarvan sy gehou het en daai dinge, dan kyk ek dat sy daarvan kry.
R: So oom sê oom berei oom eintlik voor maar vir die toekoms om dit dag vir dag te vat?
R: 'n Mens kan ook nie nou al begin bekommerd raak oor dit nie, jy weet nie hoe lank dit gaan vat nie.

© University of Pretoria

S: Nee, my kinders het gesê ons moes liewers vir ma toegegooi het, dan was dit beter gewees. Ek sien dit partymaal so, maar……
R: Sy is nog, soos oom sê, sy het nog die vryheid om rond te loop en…
S: Ja, maar sy praat nie meer nie. Vir my is sy so te sê dood.
R: Maar daar is tog tye wat sy dalk 'n "peak" het.
S: So nou en dan. Dit gebeur maar selde deesdae. Sy sien my baie as haar pa of sy sien my as haar jongste seun, dan sal sy sê, sy sal nie hello sê nie, sy sê "Chris kom hier." Of "Pa kom hier."
R: Sal sy nou nog praat?
S: Ja, sy't nou die, sy praat dan roep sy "Chris."
R: So daar sal nou en dan 'n paar uitininge wees wat sy dalk sal sê?
S: Sy praat so deurmekaar, jy kan dit eintlik nie mooi verstaan wat sy sê nie.
R: Hoe hanteer oom dit dan as sy iets sê wat oom nie verstaan nie?
S: Sê maar "Ja, nee dis reg so, Gogga" ek noem haar gogga en sy het my Kaffer genoem. Sy't nou die dag gesê "Hallo Kaffer."
R: Ek dink dit moet 'n ervaring wees om so lang pad met iemand te loop.
S: Ja, nee dit is.
R: Het oom enige vrae?
S: Ag, nee wat nie eintlik nie.
R: En enigiets anders wat oom wil deel oor die tannie oor oom hulle se geskiedenis saam, die pad wat oom hulle al geloop het met Alzheimer's?
S: Ag, nee, ons was baie gelukkig gewees. Soos ek al gesê het, sy was 'n pynlike netjiese vrou, nou nog as sy daar staan, sal sy so vryf, vryf op die kussing. Vra ek haar wat maak jy, maak jy skoon. Sal sy jou nie aantwoord nie, maar ek weet in haar geheue werk sy in die huis.
R: Soos oom sê, oom hulle is al 53jaar saam, oom ken die tannie beter as enige iemand anders.
S: Definitief.
R: So die feit dat oom hierso is saam met haar, sy sou al verlore gewees het as oom nie hier was nie.
S: Ja, nee. Sy erken dit nie meer nie. As ek weg gaan, sy weet dit nie eers nie.
R: Ja, maar die tog…
S: Ja, dis belangraik. Sy het baie maal op my bed gaan lê en so.
R: Ag, ja, sy het oom gemis. Sy sê dalk nie dat dit belangrik is nie, maar, sy sal dit voel as oom nie hier was nie.
S: Ja, maar soos ek sê, daar is nie 'n manier nie, ek hou my eerder besig of gaan lê maar in 'n kamer, maar daar is nie 'n manier wat ek by die kinders. Ek gaan haar nie drop nie…weggaan nie.
R: Ja.
S: Nee, ek het te veel lang pad met haar.
R: Ja, dit is. Ok dis al nou.
S: Is dit al?
R: Dis al vir vandag.

© University of Pretoria

Closing Interview

R: Dink oom die tannie was bewus van die feit dat haar pa dalk Alzheimer's gehad het en dat sy ook dalk eendag dit kan erf?
S: Nee glad nie.
R: Nie.
S: Nee, kyk daai tyd het hulle dit genoem verkalking van die are, weet. Sy was bewus daarvan dat haar pa, vergeet. Maar hy's nie gedianoseer daai tyd as Alzheimer's nie.
R: Ja, want dis 'n rukkie terug.
S: Nee, dis darem al…..nee ek weet nie.
R: 'n Hele rukkie terug
S: 74 is hy oorlede, so dit was hier 64 gewees.
R: Maar oom was min of meer bewus daarvan dat oom begin leer het oor Alzheimer's, dat dit dalk.
S: Ja, toe het ek besef wat dit was. Maar daar is 'n verskil tussen Alzheimer's en gewone ouderdom.
R: Ja, definitief. Dis gewoonlik, hierdie gesprekke noem ons min of meer soos 'n storie, dis die storie van oom en die tannie se lewe saam, of die tannie se lewe. Waar sou oom sê het oom hulle se storie begin?
S: Toe ons mekaar ontmoet het?
R:Ja, sou oom sê dit is waar oom hulle se storie begin het?
S: Ons was in Swaziland, daar het ek haar ontmoet.
R: Wat sou oom sê is die grootste gebeurtenis van oom hulle se storie?
S: Die grootste?
R: Ja, soos toe oom hulle ontmoet het, toe oom hulle getrou het, soos gedeeltes uit oom hulle se lewe saam.
S: Die grootste storie was toe my tweeling gebore is.
R: Is dit? Hoekom sou oom so sê?
S: Nee, dit was dramaties gewees, hulle's nie in 'n hospitaal gewees, ons kinders is op 7maande gebore en hulle was brug babatjies gewees, hulle was maar saam 6 pound, 3 pound gewees, ja. Daar was nie 'n hospitaal naby nie, dit was daar op B gewees. En dat hulle in 'n broeikas was.
R: Hoe het die tannie dit gevat?
S: Nee, sy was heeltemal gesond.
R: Geen probleme daarmee nie?
S: Nee dit was heeltemaal normaal. Haar probleem is hier, begin 98, 94.
R: 94. Is ek reg as ek sê oom het 'n goeie ondersteunings sisteem hierso by die ouetehuis?
S: Ja.
R: En familie en vriende is…
S: Familie en vriende, hulle is baie lief vir tannie, en als, help my met haar.
R: So oom se ondersteuning sisteem bestaan basies uit familie, vriende, die ouetehuis, die verpleegsters hierso?
S: Ja, ek moet kyk dat ek my besig hou. Kan nie op 'n hopie sit hier.
R: Is daar enigiets waaroor oom ongelukkig is, dalk met die siekte, of by die ouetehuis, iets wat oom dalk anders sou wou gehad het?
S: Nee, nie eintlik nie. Maar ek is nie ongelukkig daaromtrent nie, ek verstaan dit. Hulle kan haar nie so intensief hanteer soos ek nie. Hulle kan nie toe lê op een persoon nie. Ek begin my nou af te skaal, dat hulle maar nou bietjie oorneem, 'n mens kan nie al die aandag gee nie.

© University of Pretoria

R: Sou oom sê mense wat Alzheimer's het dat dit 'n goeie idee het dat hulle in 'n ouetehuis is?
S: Ja, maar hulle moet net voorsiening maak daarvoor. Hulle moet net nie toegelsuit word nie. Wat ek verstaan, van die ouetehuise wat hulle in 'n kamer sit en toesluit. Hier beweeg hulle rond.
R: So 'n ouetehuis wat voorsiening maak vir mense met Alzheimer's en dat hulle familie dalk meer deel is van hulle ondersteuning as enigiets anders?
S: Kyk die idée van die kinders daai tyd was gewees dat, soos ek vir jou gesê het, dat ek by hulle moet gaan bly en…toe sê ek "ikona" ek bly hier by haar. Hulle het hulle eie lewe wat hulle lei, hulle het hulle eie vriende, hulle gaan werk almal. Wat maak ek daar?
R: Hierso het oom darem mense wat die selfde ouderdom as oom is.
S: En ek hou my besig.
R: Sou oom sê daar is enige ander tipe ondersteuning wat oom dalk verwag oom sal moet hê in die toekoms?
S: Ag, nee nie eintlik nie. Dit, gaan slegter en slegter en ek besef dit en aanvaar dit en dis hoekom ek my effens onttrek dat hulle bietjie oorvat.
R: As oom sê dit gaan slegter en slegter, sou oom sê van die punt waar die, van oom hulle ontmoet het, het dit baie goed gegaan en toe by die diagnose het dit begin afgaan, as 'n mens…
S: Nie die verhouding tussen ons nie, maar wat haar siekte aanbetref.
R: En haar kwaliteit van lewe?
S: Kwaliteit van lewe het af gegaan, definitief.
R: Van die diagnose begin af gaan?
S: Ja.
R: Is daar enige "peaks" wat ooit gebeur het, van dat die diagnose gemaak is?
S: Nee, van tyd tot tyd is sy weer helder, maar nie meer eintlik nie. Dis meer geleidelik so af, soos 'n grafiek. Die grafiek loop so (wys met sy hande hoe die grafiek af loop). Dit het geleidelik begin, nou gaan dit al hoe meer af, die grafiek loop al. Hy't eers so geloop, nou loop dit so (wys weer hoe die grafiek loop).
R: So dis 'n grafiek wat basies geplato het, nou begin dit af gaan? Dink oom dis belangrik dat elke familielid 'n rol speel in die persoon se lewe wat Alzheimer's het.
S: Ja, hulle behoort, maar party, soos bevoorbeeld haar broer. Hy kan dit nie vat dat sy so is nie, en hy kom net hierso dan sal hy omtrent vir 10min hier wees, dan kan jy sien Tollie…
R: Hy kan dit nie hanteer, hy kan dit nie verwerk nie?
S: Hy kan dit nie verwerk nie, dan ry hy.
R: Maar wie nog in dit familie?
S: Dis omtrent al.
R: Verder het almal dit maar aanvaar?
S: Ja, my kinders aanvaar dit.
R:Het sy enige ander boeties en sussies?
S: Die een is Issa, sy is net so vergeetagtig, maar hulle sê sy het ook nou Alzheimer's, sê ek vir haar nee sy het nie, dis ouderdom. En, sy't een suster, sy's in haar 90's, sy's nog helder en alles, en dan is dit Issa, dan is dit sy, ou Brunnie sy is nog reg, Tollie is nog reg. Daar is nog 5 wat lewe van die 9.
R: En dis net die tannie uit die 9 kinders wat oom sou sê…
S: Ja..
R: Ander het ouderdoms….

© University of Pretoria

S: Ja, die ander een wat ouer, 2 jaar, 4 jaar ouer as sy is. Sy's vergeetagtig en al…Jy kom op daai ouderdom wat vergeet raak, ek self moet mooi dink, maar ek hou my brein maar besig, blokkies raaisels en ek doen dit en dit en dit.
R: Is oom se kinders bewus daar van dat hulle, dat dit kan gebeur?
S: Ja, hulle is bewus daarvan. Maar ek glo daai mense lewe in hulle lewe, hulle, ek glo nie hulle het 'n probleem nie.
R: Hulle lewe waar hulle….
S: Kyk, as ek nou moet vat, hoe 'n puik en netjiese mens sy was, kinders goed opgevoed en alles, dan sal sy hier in die kerk kom en haar kaal uittrek. So hulle weet nie wat hulle doen nie.
R: Nee, hulle is nie bewus van wat hulle doen nie.
S: Ek wonder of sy weet as ek vir haar aangetrek het in die oggend, ek weet nie, hulle sal allen weet, ek weet nie. Ek sal graag net 'n insig in hulle denke wil, dis al. Sy't boeke en boeke gelees. Die Rooi Rose gekry, die Sarie, die Huisgenoot gekry en sy het alles deur gelees. Nou…
R: Niks.
S: Ag, nee. Vir die afgelope 67 jaar. Partymal vat sy 'n pen, dan probeer sy skryf. Sy't 'n netjiese handskrif gehad.
R: Mis oom die tannie hoe sy was?
S: Ek het vrede daarme gemaak.
R: Ek's bly om te weet.
S: Nee, ek aanvaar haar.
R: Jy kry dit nie baie keer nie.
S: Nee, dit is so. Jy's maar dankbaar vir die genade wat van bo af kom. Ek hou my maar besig en so, maar. Ek kan nou darem 'n oog hou oor haar versorging en als.
R: Wat belangrik is vir oom…
S: Nie eintlik nie. Net dankbaar dat ons kon gesels. Ek het nou meer begrip.
R: Dink oom dis nodig.
S: Ja, nee, definitief. Maar soos die Dr. kom sê het hy diagnoseer jou met Alzheimer's en dit is dit.
R: Ja, dit is die julle punt van…
S: Nee, wat, ek is nou miskien lelik, maar, byvoorbeeld ek sal nou nie name noem nie, die neuroloog, die spesialis, nee dit was 'n psigiater wat na haar medikasie gekyk het, hy't nie met my gepraat nie. Hy's net gesê dit en dit en dit. En R380 vir 'n kwartier, hy't my niks gesê van wat ek moet verwag of wat of wat of wat.
R: En oom voel dit moet eintlik anders wees, dat hy moet die tyd vat om met die mense te praat
S: Hy moet sê wat hulle moet verwag. Ek het maar gelees en als, ons het al daaroor gepraat.
R: Ek wil net sê dankie vir oom se tyd.
S: Plesier.
R: Ek het alles nou opgeskryf, soos oom kan sien. Hier begin ons eerste gesprek. So ek gaan nou begin werk aan hierdie. En as oom wil ek kan 'n kopie van die finale een, as dit klaar is, vi room gee.
S: Nee ek sal graag wil sien.
R: Dit is ongelukkig in Engels.
S: Nee, goed! Al is dit in Engels.

© University of Pretoria